SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# NOVEMBER 2018

## GRAAD 10

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 1**

# NASIENRIGLYNE

**17 bladsye**

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

PROVINSIALE EKSAMEN

EKONOMIE

(Vraestel 1)

---

**AFDELING A: (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 B✓ beperkte middele

1.1.2 A✓ skaarsheid van hulpbronne

1.1.3 D✓ huishoudings

1.1.4 C✓ sloerende aanwyser

1.1.5 B✓ moderne geld

1.1.6 D✓ geskoolde arbeid

1.1.7 C✓ hanteerbaar

1.1.8 A✓ immigrasie (8 x 1) (8)

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 E✓ Dit bestaan want daar is beperkte hulpbronne wat in onbeperkte behoeftes en begeertes moet voorsien

1.2.2 F✓ 'n Groep mense wat saam woon en gesamentlike besluite maak

1.2.3 A✓ Alle mense het 'n basiese mensereg om vry van armoede, onkunde en eienaarskap deur 'n ander persoon te wees

1.2.4 G✓ 'n Tydperk wanneer daar 'n afname in ekonomiese aktiwiteite is tesame met 'n styging in werkloosheid

1.2.5 D✓ Die gebruik van gereedskap en gevorderde metodes om goedere en dienste in die ekonomie te produseer

1.2.6 C✓ Die kombinasie van twee verskillende produkte, wat moontlik geproduseer kan word, indien alle beskikbare hulpbronne ten volle en maksimaal gebruik word

1.2.7 I✓ Is die bedrag geld wat aangebied of gevra word vir iets wat gekoop of verkoop word

1.2.8 B✓ Die beweging van mense oor internasionale grense van een land na 'n ander

(8 x 2) (16)

1.3 **GEE EEN TERM**

1.3.1 Openbare sektor ekonomie✓

1.3.2 Spaargeld✓

1.3.4 Ruil / Ruilhandel✓

1.3.4 Gemeenskaplike eiendom✓

1.3.5 Banke✓

1.3.6 Werkloosheid✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK voorsien.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

2.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

2.1.1 **Noem enige TWEE produksiefaktore.**

- Grond✓
- Arbeid✓
- Kapitaal✓
- Entrepreneurskap✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom is dit nodig vir verbruikers om ’n keuse te doen te opsigte van wat hulle koop?**

- Hulle het skaars hulpbronne daarom moet hulle kies hoe om hierdie bronne te gebruik om maksimum behoeftebevrediging te verkry. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Gee voorbeelde van reële vloei uit bogenoemde diagram**.

- Goedere en dienste✓
- Produksiefaktore✓ (2 x 1) (2)

2.2.2 **Gee ’n kort verduideliking van die term *ekonomiese kringloop*.**

- Die beweging van goedere en dienste, produksiefaktore en geld (inkomste en uitgawe) in ’n ekonomie ✓✓ (2)

2.2.3 **Beskryf die rol van die produksiefaktormark in die ekonomiese kringloop.**

- Produksiefaktormark of hulpbronmark is waar die dienste van die produksiefaktore verhandel word.✓✓
- Byvoorbeeld arbeid word in diens geneem, kapitaal word geleen, eiendom word gehuur en entrepreneurs bied hulle dienste aan. ✓✓
- Hierdie produksiefaktore verdien lone, rente, huur en wins. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

2.2.4 **Wat is die probleme wanneer internasionale syfers vergelyk word?**

- Sommige syfers moet geskat word omdat dit dalk nie beskikbaar is nie ✓✓
- Wanneer lande met mekaar vergelyk word, kan sommige lande se sosiale lone hoog wees wat lei tot ŉ hoër BBP in daardie lande ✓✓
- Klimaatstoestande verskil van land tot land wat dit moeilik maak om uitsette van lande met verskillende klimaatstoestande te vergelyk ✓✓
- Onbetroubare wisselkoerse kan die BBP-syfers beïnvloed ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Voorsien die bostaande diagram van ŉ gepaste opskrif.**

- Sakesiklus ✓ (1)

2.3.2 **Benoem die laagste punt, C, in die bostaande diagram.**

- Trog ✓ (1)

2.3.3 **Gee ŉ kort verduideliking van die term *tendenslyn.***

- Dit is die lyn wat die algemene rigting van die ekonomiese aktiwiteite aandui ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

2.3.4 **Beskryf die invloed van depressie op indiensnemingsvlakke.**

- Gedurende ŉ depressie sal baie ondernemings afskaal op hulle produksie en uiteindelik sal baie werkers afgelê word wat tot groot werkloosheid lei. ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord) (2)

2.3.5 **Hoe word die ekonomie beïnvloed tydens die voorspoedfase?**
**Die ekonomie word beïnvloed as gevolg van:**

- Dit is ŉ tyd van algehele optimisme en verbruiksbesteding ✓✓
- Uitset en ekonomiese aktiwiteite neem toe en entrepreneurs brei hulle besighede uit ✓✓
- Besighede stel meer werknemers aan en koop nuwe toerusting✓✓
- Besighede se wins verhoog en terselfdertyd verhoog lone en pryse ✓✓
- Verbruikersvraag verhoog wat tot verhoogde produksie lei ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen ekonomiese goedere en vry goedere**

| Ekonomiese goedere | Vry goedere |
|---|---|
| • Dit is skaars in verhouding tot die vraag daarna ✓✓ | • Dit is nie skaars nie en is in onbeperkte hoeveelhede beskikbaar ✓✓ |
| • Mense is bereid om daarvoor te betaal, dit behaal ŉ prys ✓✓ | • Mense is nie bereid om daarvoor te betaal nie en dit behaal nie ŉ prys nie ✓✓ |
| • Dit kan op markte verkoop word en kan as rykdom beskou word ✓✓ | • Word nie as rykdom beskou nie ✓✓ |

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 4) (8)

2.5 **Hoe dra die owerheid by tot ekonomiese groei?**
**Die owerheid dra by tot ekonomiese groei omdat:**

- Die staat bestuur die ekonomie deur middel van verskeie beleide ✓✓
- Openbare goedere, waarvoor verbruikers nie wil betaal nie, word aan verbruikers deur die staat voorsien✓✓
- Basiese infrastruktuur soos paaie, elektrisiteitsvoorsiening en brûe wat nodig is vir ekonomiese groei word deur die staat voorsien ✓✓
- Die regering stel reëls en regulasies in om besighede en verbruikers teen onregverdige praktyke te beskerm ✓✓
- Nasionale wette, wat die ekonomie beïnvloed, soos bv die begroting, is die regering se verantwoordelikheid ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (8)
**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE KWESSIES**

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Gee enige TWEE tipes belasting wat aan die regering betaal word**.

- Belasting op toegevoegde waarde (BTW)
- Inkomstebelasting ✓
- Maatskappybelasting ✓
- Rykdombelasting✓
- Kapitaalwins-belasting ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe lei ekonomiese groei tot ekonomiese ontwikkeling?**

- ŉ Land wat meer goedere en dienste produseer, het ŉ bevolking met ŉ beter lewenstandaard omdat hierdie goedere en dienste gebruik word om die lewenstyl van die mense te verbeter ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Watter Afrika land, in die tabel, het in 2010 die laagste verstedelikingsvlak getoon?**

- Uganda (13%)✓ (1)

3.2.2 **Wie is verantwoordelik vir die publikasie van bostaande inligting?**

- Die wêreld-feiteboek (1)

3.2.3 **Gee ’n kort verduideliking van die term *verstedeliking.***

- Dit is die geleidelike verhoging in die getal mense wat in stedelike gebiede woon, wat tot die groei van dorpe en stede lei✓✓ (2)

3.2.4 **Wat is die verwantskap tussen armoede en migrasie?**

- Wanneer mense arm is, is hulle meer geneig om na meer gegoede gebiede te trek, sodat hulle maniere kan kry om armoede te verminder ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

3.2.5 **Waarom is verstedeliking ’n groot probleem vir die regering?**

- Infrastruktuur-probleme,✓ Migrasie lei tot digbevolkte informele nedersettings ✓✓ of krotbuurte wat ’n massiewe vraag na behuising en infrastruktuur soos grond, paaie gesondheidsklinieke vereis ✓✓en probleme met dienslewering en elektrisiteitsvoorsiening ontstaan ✓✓
- Stede is nie in staat om die arbeid, veral ongeskoolde arbeid , te absorbeer nie ✓✓
- Werkloosheid in dorpe en stede is aan die orde van die dag, wat tot kriminele aktiwiteite, soos geweld, roof en diefstal lei ✓✓
- Die regering staar ’n onbeheerbare instroming van mense in die gesig, wat tot behuisings- en watervoorsieningsprobleme lei ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) Enige (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Na watter deel van die arbeidsmag verwys die leesstuk?**

- Werklose jeug✓ (1)

3.3.2 **Na watter persentasie van die bevolking verwys die leesstuk?**

- 80%✓ (1)

3.3.3 **Gee 'n kort verduideliking van die term *arbeidsmag*.**

- Die arbeidsmag van die land bestaan uit die ekonomiese aktiewe bevolking ✓✓
- Ekonomiese aktiewe bevolking bestaan uit persone tussen die ouderdom van 15 en 65 jaar wat werkloos is of vir hulleself werk ✓✓ (2)

3.3.4 **Beskryf enige sosiale invloed van werkloosheid.**

- Werklose jeug kan moontlike onluste en geweld veroorsaak ✓✓
- Die grootste groep, 80%, bestaan uit gefrustreerde jeugdigdes wat tot misdaad kan oorgaan ✓✓
- Die jeug kan leiers van gewelddadige openbare protesaksies word omdat hulle nog vol energie is ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (1 x 2) (2)

3.3.5 **Gee moontlike oplossings vir werkloosheid.**

- Die oplossing is om werk en opleiding vir die persone wat minder as 12 jaar skoolopleiding gehad te voorsien ✓✓
- Vakleerlingskappe, leerlingskappe, mentorskappe, vaardigheidsontwikkeling en opleiding moet aan die werklose jeug gebied word ✓✓
- Die regering kan by werkskeppingsprogramme soos die Uitgebreide Openbare Werke Program betrokke raak✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek die hoofkenmerke van geld as 'n betaalmiddel.**

- Is 'n algemeen aanvaarbare ruilmiddel ✓ Kerngeldeenhede het meer waarde as ander ✓✓ Bv. VSA dollar word internasionaal beter as die Zimbawiese dollar aanvaar ✓
- Moet duursaam wees en nie maklik oor tyd waarde verloor nie of vervals kan word nie of roes oor tyd nie✓✓
- Moet waardevol en skaars wees.✓ Dit is hoekom geld nie in groot hoeveelhede gedruk moet word nie, want dit sal dan waarde verloor ✓✓
- Moet hanteerbaar wees ✓ moet dus maklik rondgedra kan word as gevolg van die grootte en gewig ✓✓
- Moet dieselfde wees✓en dit moet maklik wees om kleingeld te kry wanneer verskillende betalings gedoen word ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (4 x 2) (8)

3.5 **Hoe het industrialisasie tot die ontwikkeling van 'n vervoer- en kommunikasienetwerk gelei?**

**Vervoer**

- Spoorlyne is gebou om massaprodukte te vervoer ✓✓
- Paaie is verbeter ✓✓
- Groot hoeveelhede goedere kan nou in korter tye vervoer word✓✓
- Hawens is vir seevervoer gebou ✓✓
- In- en uitvoere is nou moontlik ✓✓
- Ontwikkeling van verskeping ✓✓ (maks 4)

**Kommunikasie**

- Verbeterde kommunikasienetwerke lei tot verbeterde verspreiding van inligting ✓✓
- Besighede en verbruikers kan mekaar maklik kontak vir verkoopstransaksies✓✓
- In- en uitvoerbesighede floreer omdat dit nou maklik is om internasionaal kontak te maak ✓✓
- Kontantbetalings en kontantgeldoordragte word makliker deur internetbankdienste gedoen✓✓
- Versekering en investering het verbeter ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (maks 4)

(8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE AANGELEENTHEDE

4.1 **Beantwoord die volgende vrae:**

4.1.1 **Noem enige TWEE benaderings om die ekonomie te bestudeer.**

- Mikro-ekonomie ✓
- Makro-ekonomie ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe was nomadiese gemeenskappe saamgestel?**

- Gemeenskappe het uit klein familiegroepe bestaan wat van een gebied na ŉ ander getrek het, sodra hulle bronne opgeraak het ✓✓ (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die sektor wat die grootste persentasie bydrae tot die BBP gemaak het.**

- Tersiêre sektor ✓ (1)

4.2.2 **Lewer kommentaar oor die neiging van die tersiêre sektor se bydrae.**

- Die tersiêre sektor dra meer inkomste by tot die middel- en hoë inkomste-verdieners ✓ (1)

4.2.3 **Gee ŉ kort verduideliking van die term *primêre sektor.***

- Hierdie sektor het te doen met die ontginning van grondstowwe, bv. landbou, mynbou en vissery ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

4.2.4 **Wat kan die oorsaak van die daling in die primêre sektor se bydrae wees?**

- Baie Suid-Afrikaners verkies om eerder in ander sektore, as in die primêre sektor te werk, soos bv in die dienstesektor ✓✓ aangesien meer mense nou vaardig is en hierdie vaardighede nie meer so nodig is in die primêre sektor nie ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

4.2.5 **Hoe kan ekonomiese menseregte, in Suid-Afrika, aangespreek word?**

- Die regering het 'n verantwoordelikheid om verbruikers teen die uitbuiting van produsente te beskerm ✓✓
- Die regering kan swaar strawwe instel op produsente en besighede wat inbreuk maak op menseregte ✓✓
- Die regering moet toesien dat verbruikers se regte afgedwing word ✓✓
- Dit kan bereik word deur die verbruiker in te lig oor sy regte en die organisasie wat hy mee kan skakel indien nodig ✓✓
- Ondersoek verbruikersklagtes en die verbod op verbruikersregte ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Enige 2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer watter voedselitms verbou word in die bostaande prent.**

- Mielies✓
- Melk✓ (2)

4.3.2 **Watter stadium van ekonomiese ontwikkeling word deur die bostaande prent uitgebeeld? Gee 'n rede vir jou antwoord.**

- Veeteelt en landbou ✓ kommersiële graanboerdery en suiwelboerdery is voorbeelde uit die prent gekry ✓ (2)

4.3.3 **Gee 'n kort beskrywing van die *sekondêre sektor*.**

- Vervaardiging of verwerking van rou materiaal vanuit die primêre sektor✓✓
- Hanteer die verandering van rou materiaal na voltooide goedere en hulpbronne✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2)

4.3.4 **Watter faktore het die ontwikkeling van mynbou aangemoedig in Suid-Afrika?**

- Buitelandse belegging in mynaktiwiteite het toegeneem ✓✓
- Relatief goedkoop arbeid was beskikbaar vanaf buurlande ✓✓
- Vervoer in die land het verbeter ✓✓
- Vraag vir goud as internasionale betaalmiddel was hoog ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (2 x 2) (4)

4.4 **Onderskei tussen Bruto Binnelandse Produk en Bruto Nasionale Inkomste.**

| Bruto Binnelandse Produk | Bruto Nasionale Inkomste |
|---|---|
| • Is ŉ goeie maatstaf om te bepaal hoe goed die ekonomie in ŉ land doen ✓✓ | • Is ŉ goeie maatstaf om te bepaal wat die materiële lewenstandaard van die mense in ŉ land is ✓✓ |
| • Syfers kan gebruik word om een land met ŉ ander land op ŉ sekere tyd te vergelyk ✓✓ | • Syfers kan gebruik word om die materiële lewenstaandaard van die mense in een land met die van ŉ ander land te vergelyk ✓✓ |
| • Bepaal watter ekonomieë die grootste uitset produseer ✓✓ | • Voorsien ekonomiese aktiwiteite oor tyd ✓✓ |
| • BBP-syfers word gebruik om die sakesiklus te bepaal ✓✓ (maks 4) | • Om BNI te bepaal moet twee aanpassings ter waarde van die BBP gemaak word ✓✓ (maks 4) |

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (8)

4.5 **Hoe dra ŉ stokvel by tot ŉ beter manier van spaar vir lede?**
**Stokvel dra by tot ŉ beter manier van spaar omdat:**

- Dit sosiaal is. Lede het dieselfde waardes en verstaan mekaar ✓✓
- Hulle het selfdissipline en toewyding ✓✓
- Wanneer dit by betaling kom, wil niemand hulle vriende in die steek laat nie✓✓
- Om aan ŉ stokvel te behoort gee sosiale prestige ✓✓
- Jy moet uitgenooi word om aan die stokvel te behoort ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (8)

**TOTAAL VIR AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

**Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.**

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Gee ŉ volledige bespreking van die VIER hoofdeelnemers in die ekonomie en die onderlinge afhanklikheid tussen hulle. (26 punte)**
- **Gee ŉ kort bespreking van die verskillende metodes hoe om die Bruto Binnelandse Produk te bereken. (10 punte) [40]**

**INLEIDING**

- Daar is vier hoofdeelnemers in ŉ oop-ekonomie nl: huishoudings, sakeondernemings, die regering en die buitelandse sektor wat met mekaar verbind is en dus ŉ verhouding met mekaar het.✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL**

**Huishoudings ✓**

- Is ook bekend as verbruikers omdat hulle goedere en dienste gebruik ✓✓
- Huishoudings is die primêre ekonomiese deelnemers omdat hulle direk en indirek besitters is van die produksiefaktore (grond, arbeid, kapitaal en entrepreneurskap)✓✓
- Verbruikers se behoeftes word bevredig deur die verbruik van goedere en dienste wat van hulle van ondernemings af aankoop ✓✓
- Verbruikers se vraag na goedere en dienste stimuleer ekonomiese aktiwiteite deur ondernemings en die regering aan te moedig om goedere en dienste te produseer✓✓
- Verbruikers verkoop hulle produksiefaktore aan ondernemings en in ruil daarvoor ontvang hulle vergoeding (lone, huur, rente en wins) ✓✓

**Sakeondernemings ✓**

- Is ook bekend as besighede of produsente ✓✓
- Hulle koop produksiefaktore op die faktormark van huishoudings aan ✓✓
- Hulle gebruik die produksiefaktore om goedere en dienste te produseer wat hulle dan op die goederemark aan huishoudings verkoop ✓✓
- Ondernemings word deur die winsmotief aangemoedig om goedere en dienste te produseer ✓✓

**Regering ✓**

- Die regering voorsien goedere en dienste wat nie deur ondernemings verskaf kan word nie ✓✓
- Die regering het ook sekere funksies en verantwoordelikhede in die ekonomie. Byvoorbeeld, beskermingsdienste, sosiale dienste en ekonomiese dienste ✓✓
- Hulle ontvang ŉ inkomste van huishoudings en besighede in die vorm van belasting en ontvang ŉ inkomste van staatsbeheerde ondernemings en staatsbeheerde eiendom ✓✓

**Buitelandse sektor ✓**

- Die buitelandse sektor verskaf goedere en dienste wat deur huishoudings en ondernemings ingevoer word en koop goedere en dienste wat uitgevoer word ✓✓
- Die buitelandse sektor betaal vir die uitvoere en ontvang geld vir die invoere wat deur ons land met die res van die wêreld gedoen word ✓✓
- Die buitelandse sektor voorsien ook produksiefaktore wat ingevoer word en koop produksiefaktore wat uitgevoer word ✓✓
- Hulle ontvang ŉ vergoeding vir produksiefaktore wat ingevoer word na ons toe en betaal vir produksiefaktore wat ons uitvoer na hulle toe ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

**Beskryf kortliks die metode wat gebruik word om die Bruto Binnelandse Produk te bepaal.**

Daar is drie verkillende maniere om die Bruto Binnelandse Produk te bepaal. Elke manier is ’n aanduiding van die samestelling van die Bruto Binnelandse Produk ✓✓

**Produksiemetode**✓

- Die BBP word bereken deur die waardes wat deur elke onderneming (primêre-, sekondêre- en tersiêre sektore) toegevoeg word bymekaar te tel✓✓
- Hierdie metode dui op die BBP teen basiese pryse ✓.

**Inkomste metode**✓

- Die BBP word bereken deur die inkomste wat die produksiefaktore binne die grense van ’n land verdien het, bymekaar te tel. ✓✓
- Hierdie metode dui op die BBP teen faktorkoste ✓✓

**Bestedingsmetode** ✓

- Die BBP word bereken deur die totale besteding op al die finale goedere en dienste binne die grense van ’n land, bymekaar te tel (C + I + G + X – M) ✓✓
- Hierdie metode dui op die BBP teen markprys ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Maks 10)

**GEVOLGTREKKING**

- Die ekonomiese deelnemers is afhanklik van mekaar. ’n Ekonomie kan nie funksioneer as een deelnemer nie sy rol volledig speel nie. ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Maks 2)
  **OF**
- Doeltreffende benutting van produksiefaktore deur produsente is belangrik, sodat daar ’n toename in die waarde van goedere en dienste in die ekonomie kan wees.✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Maks 2)

**[40]**

## VRAAG 6: EKONOMIESE KWESSIES

- **Bespreek volledig wat die rol en funksies van Handelsbanke in die ontwikkeling van die ekonomie in Suid-Afrika . (26 punte)**
- **Gee ʼn kritiese evaluering van die belangrikheid van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) as die monetêre owerheid wat al die geldverwante sake in ons land beheer. (10 punte) [40]**

## INLEIDING

- Moderne bankwese word deur konstante verbetering van die funksies van banke gekenmerk✓✓
- Banke het tot die ontwikkeling van die wêreldwye ekonomie bygedra✓✓
- Hoogs ekonomies-ontwikkelde lande bestaan vandag as gevolg van die goed ontwikkelde infrastruktuur in die bankwese✓✓
- Banke is die skakel na alle ekonomiese aktiwiteite✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (Maks 2)

## INHOUD: HOOFDEEL

- Banke is die tussenganger wat uitleners (deposante) en leners van geld bymekaar bring✓✓
- Banke is die veilige bewaarders van geld✓✓
- Banke voorsien fasiliteite waar mense geld veilig kan stoor✓✓
- Banke ontvang en stoor deposito's waarop rente betaal word✓✓
- Hulle hou buitelandse valuta reserwes✓✓
- Betalings kan van een bankrekening na ʼn ander bankrekening oorgedra word✓✓
- Hulle leen geld uit in die vorm van oortrokke bankrekeninge en lenings, en die bank dra die risiko✓✓
- Banke kry wins uit twee bronne naamlik: verdien rente op lenings en oortrokke bankrekeninge✓✓
- Hulle hef bankoste op dienste aan kliënte gelewer✓✓
- Banke dra by tot ekonomiese groei deur doeltreffende hulpbron-allokasie✓✓
- Hulle help met nuwe besigheids-risiko's deur geld aan entrepreneurs te leen✓✓
- Banke leen geld aan besighede wat wil uitbrei✓✓
- Verhoog die lewenstandaard van mense deur lenings aan mense te gee wat bates wil koop soos bv. huise✓✓
- Hulle spreek die gemeenskap se sosio-ekonomiese kwessies aan deur finansiële onderrig te voorsien✓✓
- Banke staan studielenings toe en gee so geleentheid aan mense om verdere onderwys en opleiding te verkry✓✓
- Banke verhoog die moontlikhede vir beter geleenthede deur beurse en lenings te voorsien✓✓
- Banke is betrokke by gemeenskapsprojekte bv. sport en kuns ens✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is 'n sentrale bank wat die aktiwiteite van ander banke beheer✓✓
- Dit was in 1920 deur die Geld en Bankwet gestig✓✓
- Dit het die alleenreg om banknote en munte uit te reik✓✓
- Die Suid- Afrikaanse Reserwebank is die bankier vir ander banke. Ander banke leen geld by die Suid-Afrikaanse Reserwebank✓✓
- Dit is ook 'n staatsbank omdat dit die monetêre beleid opstel✓✓
- Die Suid- Afrikaanse Reserwebank is die bewaarder van goud en buitelendse reserwes✓✓
- Dit hou toesig oor die aktiwiteite van handelsbanke ✓✓
- Die Finansiële Dienste Raad hou toesig oor finansiële instansies soos versekerings – en beleggingsmaatskappye✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante korrekte antwoord.) (Maks10)

**GEVOLGTREKKING**

- Sonder bankwese sou daar nie vandag enige ekonomiese ontwikkeling gewees het nie✓✓
- Deur sekere aktiwiteite soos internetbank het ons nou toegang tot globalisering✓✓
- Lande dryf internasionaal handel omdat banke die koper en verkoper bymekaar bring✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (Maks 2)

**[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**